**Williams, M D 1997 – Homosexuality, Scripture and the body of Christ**

IRS-Studiestuk 360. Potchefstroom: Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO.
30 bladsye. Prys: R35-00 ledegeld, 12 studiestukke ingesluit

**Resensent: Dr P J van Staden (Pretoria)**

Studiestuk 360 bestaan uit twee artikels uit die pen van Dr Williams, 'n dosent aan die Covenant Theological Seminary in St. Louis, Missouri, VSA. Beide was oorspronklik gepubliseer in *Pro Rege*, 'n publikasie van Dordt College, Sioux Center, Iowa, VSA.

In die eerste artikel met die titel: *Homosexuality, scripture and the body of Christ* wys hy daarop dat die algemene mening van die meeste Christene naamlik dat die Skrif homoseksualisme veroordeel gedurende die afgelope dekade hewig aangeval is. Daar is in die laaste tyd gepoog om te bewys of dat homoseksualisme in die lig van die Skrif aanvaarbaar is of dat die Skrif nie werklik 'n uitspraak daaroor gee nie.

Ten einde die Bybelse houding teenoor homoseksualiteit te bespreek, analiseer Williams die volgende relevante tekste: Genesis 19 (die verhaal van die engele se besoek aan Lot voor die verwoesting van Sodom wat ooreenkom met die vertelling in Rig 19); Levitikus 18:22 (waar 'n homoseksuele verhouding 'n "afstootlike sonde" genoem word); 20:13 ('n "afskuwelike sonde" wat "die dood verdien"); 1 Korintiërs 6:9 en 1 Timoteus 1:10. Hy tree telkens in gesprek met "homoseksuele teoloë" ten opsigte van genoemde tekste.

Romeine 1:24-27, wat vir lank beskou is as die "locus classicus" oor hierdie onderwerp, word vollediger bespreek. Die skrywer se argumente, wat hom tot die gevolgtrekking bring dat homoseksualisme vir Paulus teen die wil van God is, is myns insiens oortuigend genoeg. Dan wys hy verder tereg daarop dat Paulus se bedoeling in hierdie gedeelte beslis nie is om homoseksualisme te veroordeel nie. Waarteen hy dit het, is juis die neiging om te veroordeel. Die Joodse lesers het waarskynlik met genoegdoening geluister na al die sondes van die heidene in die laaste gedeelte van Romeine 1. Hulle word in hoofstuk twee egter self in die beskuldigdebank geplaas. (Vgl die uitspraak van Natan aan Dawid: "Jy is die man" in 2 Sam 12.) Williams is korrek in sy gevolgtrekking: "While Paul is not legitimating homosexual activity, and neither should we, he is saying that we cannot condemn the homosexual, because apart from Christ we are equally under the righteous judgment of the law ... Romans 1 is not about homosexuality but the universal need for God's grace in Jesus Christ."

Ten slotte tree Williams in gesprek met beide groepe Christene wat Paulus se beredenering in Romeine 1 nie volg nie. Enersyds is daar die Christelike gay beweging wat van oordeel is dat aanvaarding as broer en suster in Christus aanvaarding van alles moet beteken. Andersyds is daar Christene wat glo dat homoseksualiste geïgnoreer of veroordeel moet word asof God se genade, wat vroeër vir melaatses bedoel was, nie genoeg is nie.

Die tweede artikel is getitel: *Homosexuality and the body of Christ: An opportunity for reflection*. Hy dui hierin aan hoe dat die gay en lesbiese beweging al meer erkenning geniet in wêreldwye pluralistiese samelewing. Begrippe soos sosiale geregtigheid en kulturele verdraagsaamheid wat in ons postmoderne kultuur populêr is, word natuurlik handig deur hierdie beweging gebruik. Ten opsigte van die liggaam van Christus word homoseksualisme al meer "ontdek" as 'n gawe van God terwyl die "homophobic rejection of the full personhood of the homosexual by heterosexuals within the traditional church" al meer as dié seksuele sonde van die moderne tyd beskou word. Die vigs epidemie het ook daartoe bygedra dat daar veel meer simpatie en selfs aanvaarding van die beweging is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die skrywer is na my mening reg as hy hierdie weerstand teen homoseksualisme beskryf as geen "phobia" nie maar 'n goeie teken dat "God still maintains and preserves something of the moral conscience in fallen humanity". Tog roep hierdie hele saak die liggaam van Christus op tot ernstige selfondersoek oor wat die wese van die liggaam van Christus is en wat die kerk se verantwoordelikheid teenoor die homoseksuele gelowige is.

Williams bespreek in die res van die artikel dan die volgende stellings:

1. *God's creational intent for human sexuality is heterosexual monogamous marriage*
2. *Experience is not self-authenticating in a fallen world*
3. *We live in a sex-saturated culture in which sex is idolised*
4. *We need to become more sexually honest with ourselves*
5. *The eschatological nature of the body of Christ*
6. *The body of Christ may not abandon the homosexual believer*

Hoewel koste oorwegings onvermydelik meebring dat studiestukke soos hierdie nie aantreklik uitgegee kan word nie, beïndruk die IRS-Studiestukke gewoonlik ten opsigte van hulle versorging. In hierdie twee artikels kon slegs een tikfout naamlik *Thje* op bladsy 13 opgespoor word.

Dit was 'n goeie besluit om hierdie twee artikels te herpubliseer. Homoseksualisme 'n immers ook in Suid-Afrika 'n baie relevante tema. Waar baie Christene enersyds homoseksualisme as 'n gegewene aanvaar en andersyds sulke mense verwerp, geè Dr Williams 'n goed- gebalanseerde Christelike beskouing daaroor. Ek beveel dit graag aan vir predikante en lidmate omdat die kerk homself al meer oor hierdie belangrike aangeleentheid sal moet verantwoord.